

Les 4: Satan versoek Jesus in die woestyn

### **Vorbereide leeswerk vir die aanbieder**

Matteus 4: 1 – 11

Markus 1: 12 – 13

Lukas 4: 1 – 13

### **Hulpmiddels vir die aanbieder tydens die aanbieding van die les**

Inkleurkryte

Blinkers

“Glitter”

Gebruik wit en swart kouse oor jou hande om telkens Jesus en die “versoeking” in jou vertelling voor te stel

‘n Bal

### **Lesinhoud**

Soos ons die Bybel lees kom ons heelwat verhale teë van mense wat “versoek” is. Versoek beteken dat iemand jou uitdaag of lusmaak om iets te doen – gewoonlik iets stouts! Die storie van versoeking begin by Adam en Eva, by Moses en die Israeliete en dit hou net aan! Telkens gee die mens toe en swig dan voor die versoeking. Het julle geweet dat Jesus ook op aarde versoek is?

Kort na Sy doop in die Jordaanrivier het Jesus na die woestyn gegaan. Daar het die duiwel Hom op die proef gestel. Satan wou kyk of Jesus nie iets sou doen waarvan Sy Vader God nie sou hou nie. Veertig dae lank het die duiwel Jesus getreiter met allerhande versoekinge. Gedurende hierdie 40 dae het Jesus niks geëet nie en Hy het toe baie honger geword. Dit was net die kans waarop die duiwel gewag het!

“Kyk, as jy regtig die Seun van God is en Jy wil dit vir my wys – sê vir hierdie klippe om in brood te verander,” sê die duiwel vir Jesus. Maar Jesus was reg met ‘n antwoord.

“‘n Mens leef nie net van kos nie, ‘n mens leef van God se Woord!” Daarna vat die duiwel toe vir Jesus in ‘n droom na Jerusalem en laat hom op die hoogste punt van die tempel staan. “Bewys dat jy regtig God se Seun is en spring hier af! Jy sê mos God se engele sal jou help dat jy nie eers jou toon teen ‘n klip stamp nie.”

“Ja,” sê Jesus, “maar daar staan ook in die Bybel geskryf jy mag God nie uittart nie.” Nou was die duiwel reg met sy grootste versoeking. Hy het Jesus na die top van ‘n baie hoë berg geneem. Van daar af het hy vir Jesus al die lande van die wêreld gewys. “Al hierdie lande en hul mense behoort eintlik aan my,” sê die duiwel, “maar ek sal dit vir jou present gee. Al wat jy moet doen is om voor my te buig en my te aanbid as god.” Jesus het hom sommer vervies! “Gaan weg van My af, Satan! Die Bybel sê jy mag net vir God alleen dien.”

Na hierdie kwaai woorde het die duiwel Jesus alleen gelos. Engele het toe gekom en Hom versorg met alles wat Hy nodig gehad het. Deur gehoorsaamheid aan God se Woord het Jesus die duiwel oorwin. Gehoorsaamheid aan Hom maak vir God opgewonde.

### **Vragies vir slim oortjies**

- Hoe lank was Jesus in die woestyn versoek?
- Noem een van die goed wat die duiwel vir Jesus belowe het?
- Het Jesus ooit ingegee? Dink julle Hy was lus om in te gee met party van die versoekinge?

### **Kaartwerk**

Waar op die kaart van Israel pas Jesus se versoeking in die woestyn in? Kom ons gaan soek die regte plek!

### **Besprekingspunte**

- Het iemand jou al oortuig om iets stouts te doen? Wat was dit?
- Lyk dit partykeer baie lekker om stoute goed te doen – veral as jy dink niemand gaan jou uitvang nie?
- As die meeste kinders iets doen, soos vloek, beteken dit dan dit is reg as jy dit ook doen? Hoekom nie? (Nee, want my dade en lewe moet wys dat ek ‘n kind van Jesus is).
- Wie help ons om nie stout te wees nie? (Jesus en die Heilige Gees).

## **Lewensles**

Almal word versoek. Jesus wys vir ons dat ons versoeking moet weerstaan. As Jesus in jou lewe is, kan jy ook versoekinge weerstaan.

## **Ons gebed vir vandag**

Here Jesus, daar is elke dag so baie versoekinge in ons lewe. Help ons asseblief om vas te hou aan U woord en “nee dankie” te sê vir enige slegte versoeking en uitdaging.

Amen

## **Idees vir VET pret**

Vandag eet ons niks! Vir 40 dae het Jesus NIKS geëet nie. Wie van julle was al baie honger? Hoe lank was die langste tyd wat jy niks geëet het nie? Wat sal die eerste ding wees wat jy sal wil eet na so ‘n lang tyd? Maak jou oë toe, dink daaraan, en vertel die klas wat dit is.

## **Vers vir die week**

Matteus 4:10

“Maar Jesus sê vir hom: “Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”

## **Net vir die lekker**

Laat twee-twee maatjies bymekaar inhak en die ingehakte hand agter die maatjie se rug hou. Vat ‘n groot netbalbal en stuur dit in die rondte om. Maatjies gebruik een hand om saam die bal aan te stuur. Klap jou hande en stop die bal. Die twee maatjies met die bal moet saam om die sirkel loop weer tot by hulle plek, sonder om die bal te laat val. Gee vir almal ‘n beurt. Help maar as die bal val!